

## Die 29ste DF Malherbe-gedenklesing

Jonathan D Jansen

Universiteit van die Vrystaat

12 Augustus 2010

### ***Die politiek en vooruitsigte van Afrikaans, asook van Afrikaanse skole en universiteite***

#### **Inleiding**

Dit is 'n buitengewone voorreg om genooi te word om die DF Malherbe-lesing te lewer ter ere van die eerste professor in Afrikaans wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit aangestel is, 'n verre voorganger as Rektor van hierdie groot universiteit (destyds die Grey University College) en, hoewel sy stoflike oorskot in Bloemfontein rus, 'n man wie se idees draagwyde verkry het deur middel van sy gedigte, romans, toneelstukke, vertalings en openbare lesings (soos sy baanbrekerstoespraak, *Is Afrikaans 'n dialek?*), ter bevordering van die Afrikaanse taal. Sou ons paaie in terme van tyd of politiek gekruis het, kon hy maklik my onderwyser gewees het gedurende die twee jaar wat hy skoolgehou het in Montagu, my geboortedorp. Hy kon my selfs in Bloemfontein besoek het, want hy onthou van Kestell, "ek het hom gereeld besoek in Whitesweg!"<sup>1</sup>

Laat my ook toe om te sê dat, terwyl ek besig was om voor te berei vir hierdie lesing, ek gevind het dat DF Malherbe 'n moeilike man was ("a live wire" soos een van sy biograwe dit gestel het), wat uit sy pad gegaan het om sy gehore uit te lok met sy vurige rasse- en nasionalistiese sentimente oor Afrikaans. Ek verstout my om te sê dat hy hierdie week heel tuis sou gevoel het op die kampus, want hy is in 1938 (as personeellid!) uit die universiteit geskors, blykbaar oor opruiende stellings in 'n toespraak wat hy aan oorsese besoekers sou lewer – en dit ten spyte van die feit dat daar destyds geen Intervarsities was nie!

#### **Hertoetrede tot die debat, vir die hede**

Ek het 'n tyd gelede besluit om te onttrek aan openbare debatte oor Afrikaans, vir 'n eenvoudige rede: daardie debatte was oor die algemeen bekrompe, onproduktief en dikwels kinderagtig. By al hierdie konferensies sou ek 'n mengelmoes van regse taalstryders en aandagsoekende Afrikaanse akademici aantref, wat hierdie debatte sou laat ontaard in vraagstukke van etniese eienaarskap en Afrikaanse eie sake, as u verstaan wat ek bedoel. Die oneerlikheid, die

---

<sup>1</sup> Rondon die persoon Kestell, p 105, DF Malherbe in Beeld en Woord

onsinnige bewerings dat Afrikaans binne ons geslag se leeftyd sou uitsterf, het my ontstel. Ek het gevind dat Afrikaans in baie van hierdie debatte bloot simboliese terrein was om ander sake uit te spook – sake soos die verlies van mag, die smart van die nederlaag, en 'n kwalik bedekte woede teenoor 'n opvolgersnasionisme in die regering (van Afrikanernasionalisme tot Afrika-nasionalisme) wat al te bekende kenmerke van rasse-oorheersing van een groep oor 'n ander vertoon het. Met ander woorde, die taal wat as Afrikaans bekend staan, was selde ter sprake; 'n rou politiek met betrekking tot Afrikaans was altyd ter sprake.

Die DF Malherbe-lesing het my teruggedwing na openbare bespiegeling oor die stand en toekoms van Afrikaans. Dalk is dit 'n goeie ding, want ek het die sirkelgang van hierdie gepynigde besprekings oor 'n pragtige taal waargeneem, en dalk is dit tyd dat ek weer my onlangse denke deel oor Afrikaans, sy traumas en dit waarop hy hoop. Na vanaand en die onvermydelike mediabohaai wat in die Afrikaanse pers op dergelike toesprake volg, sal ek besluit of ek weer gaan omtrek of sal voortgaan met deelname aan openbare debat oor die belangrike onderwerp van Afrikaans.

### **'n Benadering**

Ek sal my opmerkings vanaand maak vanuit die standpunt van 'n onderwyskundige antropoloog, wat woon binne die gemeenskap (of eerder gemeenskappe) wat hy waarneem, en ook daarin opgeneem is.

In hierdie opsig is ek 'n deelnemende waarnemer wat by wyse van spreke ons mense lei, onderrig en tussen hulle woon. My twee studieterreine is die Universiteit van Pretoria en nou natuurlik die Universiteit van die Vrystaat. Die meeste van my waarnemings is meer onlangs op die Kopsie-kampus gemaak. Ek doen verslag oor die emosies van Afrikaans, van Afrikaanssprekendes en nie-Afrikaanssprekendes. U sal tydens hierdie toespraak opmerk hoe skole (en sommige universiteite) hulleself herposisioneer, en hoe studente (of eerder ouers) tussen opvoedkundige instellings migreer namate rasse- en taalveranderinge 'n impak uitoefen op skole. U sal sien hoe universiteitstudente deur hierdie moeilike terrein beweeg en hoe jongmense geleidelik aanpassings maak ten opsigte van hoe en waar hulle Afrikaans praat, ten einde ander in te sluit en te akkommodeer. In die stories wat volg, sal u kan hoor en beleef hoe 'n generasiegaping ontwikkel tussen ouer Afrikaanssprekendes – die ideologiese nasate van DF Malherbe – en 'n baie meer verdraagsame jonger generasie wat ook trots is op die Afrikaanse taal, maar openhartig is teenoor diegene wat nie hierdie pragtige taal verstaan nie. Ek beskik nie oor die linguïstiese vaardighede van 'n DF Malherbe of 'n Jakes Gerwel nie, met hul benydenswaardige analitiese en teoretiese vermoëns om die rykheid van die Afrikaanse taal vas te vang. Ek noem

professor Gerwel hier omdat sy fyn ontleding van ras en die verteenwoordiging van “gekleurdes” in die werke van onder andere DF Malherbe ’n uitsonderlike stuk werk is.<sup>2</sup>

My benadering is dié van die pedagogiese denker, wat opvoedkundige denke en -teorie toepas op die kultuur, konteks en karakter van die Afrikaanse taal soos wat dit in histories Afrikaanse skole en universiteite tot uiting kom. Deurgaans sal ek aanvoer dat die toekoms van Afrikaans slegs bevorder kan word deur sy vooruitsigte *relasioneel* te beskou, eerder as *apart of afsonderlik* binne ’n proteksionistiese benadering wat ongetwyfeld die status en aansien van die taal in Suid-Afrika sal verlaag. En laastens berus my betoog *vir* Afrikaans nie op ondeurdagte vergelykings met taalpolitiek in ander lande nie (soos die taalstryders se gunsteling, België en Kanada), maar op die spesifieke historiese en politieke trajeksies van die Suid-Afrikaanse samelewing. Ek sal beslis nie u tyd mors deur te verwys na die Laponseaanse tipe linguistiese nasionalisme nie, want die logiese gevolg van sulke eng denke is ’n taalvolkstaat, en daar is geen plek vir hierdie soort nonsens in Suid-Afrika nie.

### **Sirkelgang**

My vroeëre verwysing na die sirkelgang van debatte oor Afrikaans het betrekking op die na binne gekeerde, herhalende en eensydige argumente oor hierdie belangrike sosiale en kulturele bate.

As ’n Afrikaanse koerant sy verkope wil opstoot, is daar min onderwerpe (buiten Hestrie, Steve of Joost) wat die emosies van die Afrikaanssprekende publiek so melk as die een of ander alarmistiese opskrif oor die uitsterwing van Afrikaans in die skole, die howe of binne enige ander openbare konteks. Hierdie sensasionalistiese opskrifte en moeë protes teen die uitsterwing van Afrikaans verteenwoordig nie veel meer as ’n volkseie debat nie, ’n angs wat onbegryplik is vir die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners wat erken dat die land 11 amptelike tale het, waarvan die meeste nooit amptelike status geniet het of regeringsbefondsde hulpbronne ontvang het in die mate wat Engels en Afrikaans dit in die verlede ontvang het nie.

Hoe ontsnap ons dus uit hierdie sirkelgang van die debatte oor Afrikaans? Hoe moet Afrikaans sy toekoms karteer in ’n veeltalige land? Hoe neem ons die woede en angs uit die vrese oor Afrikaans en beraadslaag ons met mense wat nugter

---

<sup>2</sup> Gerwel (1988), *Literatuur en Apartheid: Konsepsies van ‘gekleurdes’ in the Afrikaanse roman tot 1948*, UWK, Bellville

kan dink oor die bevordering van die taal in 'n wêreld wat deur Engels oorheers word? Hoe hanteer ons die historiese traumas van Afrikaans – veral met betrekking tot Engels – wat steeds opduik in skemerkelkgesprekke en openbare debatte oor die taal? Is dit enigsins moontlik om onderhandelinge oor die toekoms van Afrikaans los te maak van die dikwels onverbloemde en soms vyandige veragting vir Engels en die Engelse? En kan ons by DF Malherbe enigiets leer oor taal, politiek en die toekoms?

'n Fassinerende aspek vir dié van ons wat simpatiek staan teenoor die daaglikse gewroeg oor Afrikaans en sy toekoms, maar nie daarby betrokke is nie, is waarom dit enigsins 'n debat is. Afrikaans floreer meer as ooit tevore in stede en op die platteland; daar is nou meer kulturele feeste in Afrikaans as tydens die apartheidsjare. Ek het pas teruggekeer van skool- en gemeenskapsbesoeke van Klerksdorp tot in die Paarl, en my ervaring was dat wit en swart mense slegs Afrikaans gepraat het; enige poging om 'n gesprek in Engels aan te knoop, is vriendelik beantwoord in die dinamiese moedertaal of plaaslike dominante taal, Afrikaans. Daar is Afrikaanse radio- en televisiestasies, streeks- en nasionale Afrikaanse koerante, Afrikaanse drama, musiek en teater, en toenemende sigbaarheid van Afrikaanssprekendes in groot wêreldstede. Die aanspraak dat die huidige regering Afrikaans onderdruk, is buitensporig en misleidend.

### **Van dominansie tot naasbestaan**

Waaroor gaan al die bohaai dan? Ek wil eerstens suggereer dat dit vir baie Afrikaanssprekendes moeilik was om te aanvaar dat die status en sigbaarheid van die taal onvermydelik moes afneem tydens die oorgang van apartheid na demokrasie. Afrikaans kon en sou eenvoudig nie meer domineer nie. Daar moet aanvaar word dat die dominante status van Afrikaans gedurende die apartheidsjare in 'n groot mate moontlik gemaak is deur politieke dwang en rassesegregasie.

Die feit dat ek op skool en op universiteit Afrikaans as tweede taal geleer het (teenoor Xhosa) was nie my ouers se keuse nie; dit is afgedwing deur 'n regering wat my ouers en my gemeenskap nie toegelaat het om te stem oor daardie regering of sy taalbeleide nie. In Soweto het hierdie taalvoorskrif gelei tot 'n massiewe opstand; in die res van die land is dit deur nie-moedertaalsprekers verdra.

Net so kan die feit dat die taalpolitiek van Suid-Afrikaanse onderwys gedurende die apartheidsjare relatief ongekompliseerd was, bloot toegeskryf word aan die geïnstitusioneerde rassesegregasie in skole en universiteite. Die

staat kon wit Afrikaanse skole en universiteite apart van swart skole en universiteite vestig en in stand hou. Die primêre dryfveer agter hierdie skeiding ten opsigte van swart mense was 'n rasselogika, en nie 'n taallogika nie.

Natuurlik was taalskeiding die primêre dryfveer agter die skeiding van Engelse wit skole en Afrikaanse wit skole – hoewel 'n rasselogika ook deel was hiervan ten opsigte van die ouer skole. Dit is nêrens duideliker sigbaar as in die skole wat teen die wending van die vorige eeu gevestig is nie – wit hoër- seuns- en meisieskole is netjies geskei van naburige wit *boys' en girls' high schools*. Die punt wat ek wil maak, is dat politiek nog altyd die grondslag was vir die skeiding van skole op grond van ras en taal, en dat dit klaarblyklik 'n probleem sou wees in 'n demokratiese Suid-Afrika.

Toe breek 1994 aan – die amptelike tydstop van oorgang na 'n nuwe land waar die swart meerderheidsbevolking 'n oorheersend swart regering kies. Die keuse ten opsigte van onderwys was heel eenvoudig – ras teenoor taal. Net die mees hardkoppige burger sou kon dink dat taal swaarder sou weeg as ras onder die swart nasionaliste wat nou aan bewind was, en dat beroepe op die Grondwet oor die lang termyn vir Afrikaans-eksklusiewe skole 'n skans sou bied teen die aandrang op rassetoegang en -gelykheid vir swart studente.

### **Die onontkombare dilemma: ras en taal**

Behoort skole aan kinders toegang te verleen op grond van taal, of op 'n oop basis sonder verwysing na ras? Dit is die kern van probleme waarmee die hoofde van voorheen wit plattelandse skole regoor die land daagliks worstel. Die probleem vir sulke skoolhoofde en skoolbeheerliggame, veral in gevalle waar hul toelatingsbeleide nie rasgemotiveerd is nie, is dat toegang vir swart kinders dubbel- of parallelmedium impliseer. Op hierdie punt word kritiek in die volgende vorm uitgespreek: Dit beteken die einde van Afrikaans. Soos wat Suid-Afrika se mees vooraanstaande skool hier langs ons bewys, is dit nie onvermydelik nie. Goeie skole bestuur hulle taalbeleide op so 'n wyse dat albei moontlik is: inklusiewe rassekulture en tweetalige (of nog beter, veeltalige) taalbeleide.

Nietemin migreer baie ouers (gelukkig nie almal nie) weens twee vrese (ras en taal), en dit het 'n interessante verskynsel tot gevolg: twee-taalskole (Afrikaans en Engels) met swart en wit leerlinge, en eentaal- (Afrikaanse) skole (met betrekking tot onderrigmedium) met bykans uitsluitlik wit leerlinge. Laasgenoemde groep skole (en minstens een universiteit in Suid-Afrika doen dit ook) bemark hulleself openlik as die plek waar Afrikaans op die hoofkampus oorheers, 'n boodskap wat breedweg geïnterpreteer moet word as: 'hier kan jy nog wit wees.'

Weereens, daar is niks onvermydelik omtrent taalverskuiwing in 'n histories Afrikaanse skool wat onderrig ook in Engels moontlik maak nie. By instellings waar die akademiese standaard hoog bly (soos by Grey) en die taalbeleid doeltreffend bestuur word, kanaliseer meer en meer ouers hulle kinders na sodanige skole, waar iets wonderliks gebeur: Afrikaanssprekende blanke kinders raak nie net meer verdraagsaam en aanvaardend teenoor die lede van hul portuurgroep wat uit ander ras- en kulturele agtergronde afkomstig is nie, maar hulle baat ook verder by die ervaring deur die besondere taalvaardighede wat hul verwerf in beide Afrikaans en Engels. Terselfdertyd tree nie-Afrikaanssprekende swart kinders na vore met dieselfde gesindheid van verdraagsaamheid en aanvaarding jeens hul wit portuurgroep, en met goeie vaardighede in beide tale.

Die teenoorgestelde is ongelukkig ook waar. In gevalle waar skole (of universiteite, wat dit aanbetref) nie hul toelatingsbeleide op so 'n manier bestuur (of soms nie *kan* bestuur nie: kyk volgende paragraaf) nie dat dit ryk, veeltalige kulture deur dubbel- of parallelmedium skool- en klaskameromgewings tot stand bring EN nie aandring op die behoud of selfs bevordering van hoë akademiese standaarde in daardie skool nie, begin die afwaartse spiraal na laestandaard-, Engelsmedium-, enkel-etniese (dit wil sê swart) skole.

Dit gebeur dan dikwels dat sodanige skole hul tweetalige karakter en hul rassediversiteit verloor en dat die Departement van Onderwys van 'n spesifieke provinsie daarop aandring dat die skool soveel as moontlik swart leerlinge toelaat, ongeag die opvanggebied van die skool of die Afrikaanse geskiedenis van die skool. Soms daag die skole die provinsiale gesag voor die hof en wen dikwels die saak. Maar uiteindelik swig die skool voor die ongenaakbare druk van swart gesagspoliteiekery en dan word die skool, in die naam van nie-rassisme of rassegelykheid, swart.

Ek het meer as een Minister van Onderwys daarop gewys dat so 'n benadering 'n groot fout is. Sodanige uitoefening van politieke druk op 'n skool se toelatingsbeleid, en ek verwys hier spesifiek na daardie voormalige wit Afrikaanse skole wat verbind is tot diversiteit en tweetaligheid, ontnem 'n spesiale geleentheid om modelle van verdraagsaamheid en aanvaarding in sulke skole te bou en te omarm tot voordeel van beide die wit en swart leerders. Helaas, rassenasionalisme, vóór en ná 1994, is dikwels blind vir sodanige ideale, met ernstige gevolge vir jongmense wat die universiteit en samelewing betree.

Waarheen mik ek met hierdie argumente? Eenvoudig die volgende: **Die taalprobleem (en ek verwys hier na Afrikaans) in Suid-Afrika kan nie opgelos word sonder om die rasseprobleem op te los nie.** Dit is 'n uitweg uit wat ek vroeër die sirkelgang van die debatte oor Afrikaans genoem het. Soos baie mense van my generasie het ek al gewens dat Afrikaans nie so verknop geraak het met die Afrikaners se nasionalisme-projek nie, en dat dit nie afgedwing is op miljoene swart mense wat Afrikaans uiteindelik teengestaan het as “die taal van die verdrukker” nie. Maar daardie geskiedenis is 'n werklikheid en het onherroeplike skade aan Afrikaans aangerig en is onlosmaaklik verbind aan wit rassisme in die bewussyn van baie swart mense. Dit is 'n onaangename gedagte, maar dit bly waar. Die feit dat swart Afrikaanse intellektuele steeds 'n saak uitmaak vir ’n ruimer Afrikaans” (Hein Willemsse), iets wat sy wortels in 'n meer kosmopolitaanse verlede het (soos die bydrae van die Kaapse slawe tot die taal), verander nie aan die manier waarop die swart meerderheid van die bevolking die taal ervaar (het) en benader (het) nie.

Die toekoms van Afrikaans in instellings van hoër onderwys sal 'n soortgelyke trajek volg as die van die taal in tweetalige, geïntegreerde skole. 'n Kragtige twee-taalmodel van onderwys (Afrikaans en Engels), hetsy in die vorm van dubbelmedium- of parallelmedium-onderwys, binne 'n rasgeïntegreerde kampusomgewing, is die enigste manier waarop Afrikaans kan en behoort te floreer in 'n demokratiese Suid-Afrika. Dit is die enigste model wat tegelykertyd twee probleme oplos: die eis om rassegelykheid (die saak van 'n swart regering wat daarop aandring dat daar geen diskriminasie op rassegrondslag mag wees nie) aan die een kant, en die eis om taalerkenning (die saak van die voorstanders van Afrikaans wat daarop aandring dat die taal beskerm word) aan die ander kant.

### **'n Afrikaanse universiteit?**

Dit is wat 'n eksklusiewe Afrikaanse universiteit so 'n gevaarlike idee maak.<sup>3</sup> Dit sal die wit student vasvang in 'n hoofsaaklik enkelrassige en natuurlik enkeltalige omgewing, gegewe die feit dat die deelname van Afrikaanssprekende swart studente aan hoër onderwys op 'n baie lae vlak is en nog vir lank so sal bly. Dit sal 'n ramp wees vir baie wit Afrikaanssprekende studente (indien hulle hul gesigte daar wys)<sup>4</sup>, omdat dit sou beteken dat die geslote kringe van

---

<sup>3</sup> Ek sal nie in hierdie opstel aandag skenk aan die belaglike idee dat 'n nuwe universiteit tot stand gebring kan word met 'n wegspringfonds van R10 miljoen nie. Enigiemand wat al 'n universiteit bestuur het, weet dat hierdie soort bedrae skaars genoeg is vir nuwe parkeerterreine.

<sup>4</sup> Die wonderlike ding betreffende studente aan die historiese Afrikaanse universiteite is dat dit wat buite en rondom die klaskamer gebeur, d.w.s. in koshuise, op die sportveld en by kulturele geleenthede, ten minste net so belangrik is (indien nie belangriker soos baie van ons voel) as wat in die klaskamer gebeur. Om bloot 'n universiteit te skep ter wille van taalpolitieke oorwegings sal nie 'n aantreklike opsie vir die meeste mense wees nie.

sosiale, kulturele en linguistiese sosialisering geslote sal bly, vanaf die gesinslewe tot by die skoolmilieu tot by die universiteitsopset. Eerder as wat studente voorberei sal word op 'n internasionale wêreld gekenmerk deur taalbuigzaamheid en kulturele diversiteit, sal hulle vasgevang bly in 'n beskermde rasseomgewing, presies in die stadium waarin die meeste Suid-Afrikaanse studente hulle eerste ervaring het van die bevryding van die intellek en die uitbreiding van geleenthede om in interaksie met die wêreld rondom hulle te tree.

Ek bied nie 'n spekulatiewe tesis aan oor die taal of wêreld van Afrikaans nie. Hierdie voorstelle is gegrond op my daaglikse werk binne histories Afrikaansmedium-universiteite. My Afrikaanssprekende studente sukkel oor die algemeen om ander tale met selfvertroue te praat, en dan verwys ek hier veral na Engels. Hulle is in werklikheid enkeltalig synde dat hulle bloot die grammatika van 'n tweede taal geleer het, met die fokus op eksamens (waarin hulle presteer), sonder dat hulle hierdie tweede taal baasgeraak het as doeltreffende kommunikasiemiddel in 'n veeltalige land (wat hulle nie heeltemal regkry nie). Dieselfde kan gesê word van my Afrikaanssprekende akademici. Daar is 'n opmerklieke verskil in taalvermoë, maar ook in rassehoudings moet ek byvoeg, onder my studente wat rasgeïntegreerde skole met kragtige tweetalige modelle betreffende die onderrigmedium bygewoon het, in vergelyking met studente wat nie dieselfde agtergrond het nie. Die keuse by Afrikaanse universiteite moet dus nooit 'n keuse wees tussen Afrikaans en Engels nie; dit moet beide wees.

In hierdie stadium duik allerhande “praktiese oorwegings” op. Wie sal betaal vir universitêre modelle wat op twee-taal onderrig toegespits is? Waar sal akademici tyd vind om navorsing te doen as hulle elke klas twee keer moet aanbied (met verwysing na die parallelmedium-benadering)? Wat is die beste modelle vir onderrig in dubbelmediumklasse? Her-rassifiseer parallelmediumklasse (swart studente leer hoofsaaklik in Engels; wit studente leer hoofsaaklik in Afrikaans) nie die studentekorps nie? Waarom kan die onderrig nie bloot in Engels aangebied word om tyd en geld te bespaar nie?

Laat ek byvoeg dat ek nog tot op hede nie 'n omvattende en oortuigende stel argumente gesien het wat aan die regering voorgelê is met die oog op die befondsing van multitaalonderrigbeleide aan universiteite nie. Ek het al verdedigende, politieke dokumente gelees waarin Afrikaans ondersteun word, maar ek het nog nooit 'n opvoedkundig begronde kombinasie van voorstelle gesien wat 'n saak uitmaak vir ten minste tweetalige beleide (of nog beter, veeltalige beleide) binne hoër onderwys nie. Korttermynbefondsing deur Afrikaansgesinde skenkers, of finansiering vanuit institusionele begrotings wat klaar onder groot druk is, is eenvoudig nie volhoubaar oor tyd heen nie. Hierdie saak moet gestel word, en gou gestel word, met die verenigde samewerking van alle universiteite, nie net die met sterk Afrikaanse tradisies nie.



Natuurlik is daar binne die historiese Afrikaanse universiteite verskillende reaksies op die taalvraagstuk. Die gereelde historiese uitbarstings van alumni en ander taalaktiviste by die Universiteit van Stellenbosch sou amusant gewees het as dit nie selfvernietigend was nie. Let op dat die debat in 'n doodloopstraat is, vir 'n eenvoudige rede: dit het alles te doen met insluiting versus uitsluiting op die grondslag van taal. Op hierdie wyse raak die debat vasgevang in 'n sirkelgang en word so onoplosbaar. Die US moet vrede maak met 'n eenvoudige feit: tensy die universiteit sy deure oopmaak vir Afrika-studente en nie-Afrikaanssprekende studente, sal dit kultureel en linguisties verarm bly. So maak die universiteit homself ook 'n teiken vir swart nasionaliste wat net so eng dink en aandring op toegang sonder om enige ander oorwegings in ag te neem. Dit is Afrika, dit is Suid-Afrika, en enige instelling wat dink dat dit 'n taalbeleid in weerwil van geheue, plek en geskiedenis kan bestuur, is gedoem tot mislukking.

Die US moet 'n sterk Engelse teenwoordigheid huisves om die universiteit sodoende oop te stel vir 'n breër verskeidenheid kulture, tale, ervarings en leeraktiwiteite as wat moontlik sou wees deur aan te dring op Afrikaanse oorheersing, soos sommige mense wel doen. Op soortgelyke wyse moet die US 'n selfs sterker Afrikaanse teenwoordigheid uitstraal deur die nie-tradisionele studente van die instelling bloot te stel aan die voortrefflikhede van die taal soos die skatkis van Afrikaanse taalsimbole, metafore en betekenis waartoe so baie Suid-Afrikaners nie toegang het nie. Eerder as om Afrikaans te beskerm, moet dit uitgebrei word. Maar dit kan alleen gebeur binne 'n institusionele konteks wat op *welwillende wyse veeltalig sal wees*, eerder as om historiese spore op te jaag in 'n poging om iets van die eng, nasionalistiese gees van Malherbe se tyd in die 21ste eeu te laat herleef.

Maar ons moet versigtig wees om nie die geskakeerdheid van die taalvraagstuk op ons kampusse te reduceer tot simplistiese meganismes van insluiting nie. Dit is pedagogies, filosofies en polities gesproke 'n uiters problematiese projek om tolke in ons universiteitsklaskamers in te bring. Tolke is nuttig in kontekste waarin inligtingsoordrag die doel is – soos wanneer instruksies in 'n vliegtuig of hofverrigtinge ter sprake is. 'n Universiteitsklaskamer is 'n plek vir die vinnige uitruil van idees, die uitdaging van aannames, die verdediging van argumente, die bevraagtekening van gesag. Die aard van die universiteit en die leerproses op die hoogste vlakke word fundamenteel aangetas wanneer studente regsit met hul skryfblokke en wag vir die gesaghebbende stem van die orator voor in die klaskamer – reg om aantekeninge af te neem, notas te bestudeer en terugvoering te verskaf tydens die volgende eksamen.

**Dit is nie bloot die taal waarin ons onderrig verskaf nie, dit is wat ons onderrig in daardie taal.**

In hierdie opsig is die grootste bedreiging vir Afrikaans op die kampus en in die land nie of dit gehoor word of nie as die taal van onderrig of administrasie nie; dit gaan daaroor of Afrikaans 'n rol in die groter landsopset kan speel en 'n teenwoordigheid van kritieke belang in die belangrike en vitale intellektuele prosesse van 'n demokratiese Suid-Afrika kan handhaaf. Dit beteken dat Afrikaans in gesprek moet tree met ander tale, nie gebaseer op die uitgangspunt van vrees of (asseblief tog) uitwissing, maar in afwagting van ope toeganklikheid, kritiese dialoog en lewenskragtige hoop. Hierdie soort Afrikaans neem al sy huidige sprekers met hom saam, in hul volledige verskeidenheid van ideologiese kleure en idiomatiese uitdrukkings. Dit is 'n Afrikaans wat uitreik, nie toemaak nie. Dit is 'n groothartige Afrikaans, een wat die nie-moedertaalspreker 'n plek gun aan die uitgebreide taaltafel. Hierdie Afrikaans staan nie vyandig teenoor Engels nie as gevolg van struwelinge in die verre verlede nie, maar is bewus van die interafhanklikheid van hierdie twee ryk tale, die jonge en die oue, en alles wat hulle by mekaar kan leer. So 'n Afrikaans is bewus van sy geskiedenis en sy problematiese verlede, maar val nie vas in die moeras van daardie verlede nie, omdat dit die groot potensiaal het om 'n taal van versoening te word.

In hierdie opsig het Afrikaans en die historiese Afrikaanse universiteite 'n besonder moeilike struikelblok om te oorkom, en dit is die beperkinge wat gelê word op lewenskragtige intellektuele kulture binne sodanige instellings. Afrikaans bly verweef met konserwatiewe teologiese skole en die reprodutiewe opleiding van predikante vir die Nederduits-Gereformeerde Kerke. Afrikaanse pedagogiek in die Skole vir Opvoedkunde bly deurtrek van die problematiese dogmas van fundamentele pedagogiek. Die aktiwiteite en kultuur van Afrikaanse universiteite toon steeds 'n konserwatiewe, outokratiese, bestuursagtige ("managerialist") en positivistiese oriëntasie. Die Geesteswetenskappe in ons universiteite is hoofsaaklik plekke waar die ideologieë en epistemologie wat in die nasionalistiese jare gegeld het, steeds denke op hierdie terreine inperk.<sup>5</sup>

Natuurlik is daar al vordering gemaak met die transformasie van die geesteswetenskaplike dissiplines en die herformulering van opvoedkunde-teorie by die historiese Afrikaanse universiteite. Teologiese skole het hulself geleidelik begin oopstel vir breër denkstrome op die terrein van religieuse studies – soos die bande wat tussen die Jonathan Edwards-sentrum van die Yale-universiteit en die Universiteit van die Vrystaat gesmee is. Binne hierdie terreine was daar

---

<sup>5</sup> In my boek, *Knowledge in the Blood*, wy ek heelwat tyd daaraan om te demonstreer hoe die onveranderde basis van konserwatiewe, rasse- (nie noodwendig rassistiese nie) denke steeds ten grondslag lê aan baie van die vakdissiplines in historiese Afrikaanse universiteite.

altyd ketters wat die oorheersende denke uitgedaag het, dikwels met ernstige persoonlike gevolge.<sup>6</sup> Nogtans is dit duidelik dat gevestigde ortodoksie steeds heers, en dat ou en nuwe uitdagings aan dominante epistemologieë in hierdie instellings marginaal bly.

My punt is dus: deur ons kwessies ten opsigte van Afrikaans te beperk tot tale wat onderrig en geleer word, laat ons die bevryding van Afrikaans as taal van sy dooie gewig van ou ideologieë buite rekening. Dit is nie meer toereikend om koppe te tel ten opsigte van Afrikaanssprekendes en taalvoorkeure onder Afrikaanse moedertaalsprekers in die historiese Afrikaanse universiteite nie. Kwellende en verontrustende vrae moet gevra word oor die epistemologiese en ideologiese grondslae van Afrikaans binne Afrikaanse universiteite aan hierdie kant van die eeu, aan hierdie kant van demokrasie. Kortliks – wat ons in Afrikaans onderrig, is net so belangrik as óf ons in Afrikaans onderrig.

Geeneen van die bogenoemde vrae behoort afbreuk te doen aan die uitnemende pad wat Afrikaans oor 'n eeu heen geloop het nie, sy ryke en veelvormige formasies oor die skakering van kleur en konteks heen; sy kragtige bydrae tot Suid-Afrikaanse kultuur en vindingrykheid. In hierdie opsig het DF Malherbe 'n grondliggende rol gespeel, selfs al het die waardering van sy werke gewissel oor die periode van sy lewe. Dit is waar dat hy beoordeel moet word binne die konteks van vroeëre nasionalistiese bewegings onder die Afrikaners, en dat om sy korpus aan streng ondersoek in 'n demokratiese post-apartheid lig te onderwerp, nie reg sal laat geskied aan die stryd (“struggles”) van daardie tyd nie. Nogtans moet ons terselfdertyd in staat wees om die kulturele chauvinisme, rasse-nasionalisme en dikwels onmiskenbare rassisme wat uitdrukking vind in sy gedagtes oor “die donker land van barbare”, of sy agitering vir “die Witman se heerskappy”<sup>7</sup>, of sy geloof in 'n onoorbrugbare beskawingsgaping tussen die wit man en selfs “die geleerdste naturel”<sup>8</sup> te veroordeel.

Daar is lesse wat nie slegs oor Afrikaans geleer moet word nie, maar oor enige taal wat aangewend word om eng nasionalistiese doelstellings te bevorder en te dien. Een van die lesse is dat die krag en potensiaal van sodanige taal so maklik verlore kan raak in die chauvinistiese politiek van 'n tydvak. Nog 'n les is dat, hoewel hierdie sentimente van

---

<sup>6</sup> Een van die mees fassinerende voorbeelde van intellektuele weerstand teen die nasionalistiese opeining van die geesteswetenskappe kan gevind word in Mouton se boek oor Die Geskiedenis van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

<sup>7</sup> *Die Ossewa*, p. 81 of *DF Malherbe in beeld en woord*, 1981, Perskor, redakteurs Kok, Lategan en de Beer

<sup>8</sup> *Die toekoms van die Boerevolk*. 102, of *DF Malherbe in beeld en woord*, ens.

Malherbe in die vroeë twintigste eeu uitgespreek mag gewees het, hulle sterk gekoester is oor baie dekades voor en lank na 1948, en sommige mense mag aanvoer dat hulle steeds in sommige opsigte in die post-apartheid periode voortleef.

Die goeie nuus is dat, juis as gevolg van die gemaklike gebruik van taal vir eng doelwitte, nuwe lewe daaraan gegee kan word om, juis as gevolg van sy bewoë verlede, 'n breër en kragtiger rol te speel om denke te bevry en volke met mekaar te versoen. Taal gaan altyd oor mag; dit kan gemobiliseer word vir goed of kwaad, vir insluiting en uitsluiting, vir versoening en vir vergelding. Ons het 'n keuse.

Die belangrike waarheid oor Afrikaans is dat sy toekoms nie in die formaliteite van die klaskamer of die howe of parlement verseker sal word nie. Dit sal verseker word in die dag-tot-dag ervaring van die taal onder gewone mense, en onder studente op kampusse. Hier sal die dinamika van betrokkenheid interessant wees, en ek wil nou graag 'n reeks onlangse en toenemend alledaagse waarnemings vir bespreking uitsonder.

### **Waarneming 1:**

'n Wit student staan op om te praat in 'n stampvol vergadering waarin ek die lede van koshuiskomitees toespreek. Die swart studente voor hom het Engels gepraat. Die wit student, voordat hy sy siening oor iets stel, sê die volgende: "Ek sal Afrikaans praat want dit is die beste wyse waarop ek myself kan uitdruk." Die swart studente verstaan, en moedig selfs die jong man aan om sy eie taal te praat.

Dit is baie interessant. Die wit student toon dat hy bewus is van die feit dat hy dalk nie deur die ander studente verstaan sal word nie. Hy praat nie net nie; hy verduidelik waarom hy die vergadering in Afrikaans sal toespreek. Die swart studente aanvaar dit, en wag vir tolking deur die voorsitter van die vergadering terwyl hy die saak wat die student op die hart het, aan die orde stel. Die sensitiwiteit van die wit Afrikaanssprekende student en die grootmoedigheid van die swart Engelssprekende studente verteenwoordig en illustreer 'n daad van verdraagsaamheid. Hulle het nie net 'n taalprobleem uit die weg geruim nie; hulle neem 'n stap vorentoe om 'n saak by te lê wat binne sekondes 'n plofbare rasse-probleem sou kon raak.

### **Waarneming 2:**

'n Swart student bevind hom in 'n koshuisvergadering met Engels- en Afrikaanssprekende studente. Hy is 'n bietjie Afrikaans magtig, maar nie genoeg om die taal met vertroue in 'n groep te gebruik nie. Hy is egter bewus daarvan dat, as 'n leier in sy koshuis, hy graag sy betrokkenheid by sy eweknieë en vriende wat slegs Afrikaans praat, sou wou demonstreer. Hy staan dus op en spreek die gehoor toe in 'n gebroke, krom Afrikaans. Hy worstel geduldig deur vyf sinne en gaan sit dan met sweet op sy voorkop. Nie 'n enkele wit student giggel of skuif rond terwyl hy praat nie. Hulle toon diep waardering vir die poging wat aangewend is, die poging om uit te reik.

Die prag van hierdie vinjet lê in wat ek by geleentheid *taalhouding* genoem het, die houding teenoor jou eie taal en die taal van andere. Anders as in die vorige storie waarin 'n student terugval op 'n taal wat hom nie in die verleentheid sal stel nie, beseft hierdie student dat daar 'n hoë risiko verbonde is aan die praat van iemand anders se taal. Sy stem word sterker namate sy gehoor empaties luister, nie die tipe gedrag wat 'n mens in ander kontekste sal aantref nie, waar bespotting van 'n eweknie meer algemeen voorkom wanneer dié foute maak. Deur hierdie risiko te loop, het die student 'n brug na die ander kant gebou, iets wat geen getal lesings oor verdraagsaamheid sou kon regkry nie.

Die twee vinjette demonstreer natuurlik beide die ingewikkeldheid en die eenvoudigheid van twee-taal universiteite. Die verhale toon hoe ras en taal in daaglikse interaksies tussen wit en swart studente teen mekaar skaaf. Maar hulle toon ook hoe eenvoudige dade diepgaande betekenis kan aanneem onder moedertaal- en nie-moedertaalsprekers van 'n taal op 'n rasse-verdeelde kampus of land.

### **Die pedagogiese uitdaging**

Deur hierdie stories te gebruik, probeer ek natuurlik nie om te ontken dat daar steeds werklike probleme bestaan ten opsigte van die bou van taalgemeenskap op rasdiverse kampusse nie. Laat my nou 'n derde vinjet voorhou.

### **Waarneming 3:**

'n Manskoshuis, met 'n dominante aantal wit Afrikaanssprekende seniors hou 'n aandvergadering van die koshuis. Die seniors besluit doelbewus om in die volle verloop van die vergadering slegs Afrikaans te praat. Hulle weet dat die swart studente, veral diegene afkomstig uit Lesotho of KwaZulu-Natal, nie 'n enkele woord verstaan nie. Maar hulle gaan nogtans voort. Die vergadering eindig, en slegs een groep studente weet wat tydens die vergadering plaasgevind het.

Dit is moeilik om die ontsteltenis wat sulke taalverskilligheid, of miskien onverdraagsaamheid onder swart sprekers tot gevolg het, volledig onder woorde te bring. Dit veroorsaak 'n wrewel nie slegs teenoor Afrikaans nie, maar ook teenoor Afrikaanssprekers. Of daar nou ook al tolke teenwoordig is of nie, die swart toehoorders glo dat hulle nie gerespekteer word nie. Vanuit hierdie tipe ervaring kom die algemene klagte van swart nie-Afrikaanssprekers: Engels is die neutrale taal; ons het ons huistaal opgegee om gemeenskaplike grond te bereik, dus hoekom kan hulle nie dieselfde doen nie?

#### **Waarneming 4:**

Die swart studente van 'n dominant swart koshuis het hard gewerk aan integrasie, en enkele wit studente het die uitdaging van diversiteit aanvaar en by die koshuis aangesluit. Op 'n sekere aand presteer hierdie koshuis beter as ander en storm op die verhoog om die hoogs mededingende sang- en drama-prestasie te vier. Vir die volgende 20 minute sing die swart lede van die koshuis slegs Sotho- en Zulu-liedere, heeltemal blind vir die feit dat op daar aan die kant van die skare wit, Afrikaanssprekende studente is wat nie in hierdie heuglike moment kan deel nie.

Hierdie hartseer gebeurtenis dui op onsensitieweit, die onvermoë van die swart studente om – te midde van hulle vreugde – te besef dat hulle, dalk onbewustelik, ander uitsluit. In stede van hierdie liedere vooraf vir al die koshuislede te geleer het, strem dit wat hulle doen, meer volledige deelname.

#### **Ontwikkeling van inklusiewe taalkulture in die twee-taalmodel-universiteit**

Daar is geen eenvoudige oplossings vir ingewikkelde probleme soos die plek van Afrikaans binne Suid-Afrika se politieke en historiese konteks nie. Daar is eenvoudige foute wat vermy kan word, en ek het vroeër na sommige van hulle verwys. Maar dit vereis harde werk om taalinklusiewe kulture te bou.

Een van die redes waarom swart studente emosies ervaar wat wissel tussen woede en onsensitieweit teenoor Afrikaans is dat ons nie tyd daaraan wy om ons jeug te leer van die bydrae van Afrikaans tot ons kultuurerfenis nie. Ons eenlynige narratief is Soweto 1976; daardie oomblik moet erkenning geniet, maar dit is nie die enigste narratief oor Afrikaans nie. Om 'n taal, soos Afrikaans, na waarde te skat, moet studente daartoe kom om te weet ('n kennisprobleem) dat, aan historiese Afrikaanse universiteite, die taal 'n spesiale plek in die harte van mense het. Maar hulle moet ook leer dat Afrikaans geen etnies-eksklusiewe regte het nie, dat dit deur baie van ons groepe gevorm is, dat daar swart en wit Afrikaans-aktiviste is en was (Hoeveel swart studente dra enige kennis van André Brink of Achmat Davids?) wat daarvoor stry/gestry het om Afrikaans binne progressiewe denke te situeer.

Een van die redes waarom wit Afrikaanse studente dikwels die taal binne 'n eng, nasionalistiese raamwerk omarm en beliggaam, is dat hulle slegs een Afrikaans ken – die Afrikaans van Malherbe. Wanneer hulle wel gekonfronteer word met persone soos Antjie Krog of Max du Preez en ander progressiewe skrywers oor en in Afrikaans, voel ek dat daar dikwels 'n aangeleerde verontagsaming, selfs afwysing van die linkse kritiek op en bekommernisse oor die taal is. Weereens behels die bou van inklusiewe taalkulture dat Afrikaans uit sy oorwegend konserwatiewe gedagterigtings moet wegbreek, min of meer soos in hierdie essay voorgestel.

### **Samevatting**

Die Universiteit van die Vrystaat het 'n ferm verbintenis gemaak tot die twee-taalmodel, wat terselfdertyd die uitdaging aanvaar om kapasiteit vir navorsing en onderrig in die Sotho-tale te bou. Met die loop van tyd sal swart studente Afrikaans leer, wit studente Sotho en alle studente behoorlike Engels. Klasse sal steeds in Engels en Afrikaans aangebied word, veral in die eerste studiejare. Dubbelmediumklaskamers sal die rasse-isolasie afbreek waar uitstaande universiteitsdosente gemaklik in beide tale is. Parallelmediumklasse sal aangebied word waar groot getalle sodanige instelling moontlik maak.

Maar in die konteks van 'n gedenklesing oor DF Malherbe en Afrikaans, is dit nie genoeg nie. Waarvoor ek vanaand gepleit het, is 'n Afrikaans wat 'n kritiese, deernisvolle en verbonde benadering tot ander tale en sigself omhels. 'n Afrikaans wat selfkrities, maar nie sinies is nie; 'n Afrikaans bewus van sy verlede, maar selfs meer bedag op die toekoms, en sy unieke posisie en moontlikhede vir oorbrugging van die mitologie van wit en swart tot 'n gemeenskaplike, selfs pan-Afrikaanse identiteit.

Onmoontlik? Kyk weer. Lank voor DF Malherbe die las van Afrikaans en sy toekoms op sy breë skouers gedra het, is hy gedra op die skouers van Axxa. Ek veronderstel hulle het Afrikaans gepraat.



Axxa, die swart vrou wat DF Malherbe as kind opgepas het, p. 11 van *DF Malherbe in woord en daad*